TRINITARIES TEOLOGIESE ONDERBOU (HERSIENE DOKUMENT)

Agtergrond

Om gestuur te wees is een van die wesenskenmerke van die kerk, ons glo immers in een, heilige, algemene, apostoliese, Christelike kerk. Daarom is missionaliteit hoegenaamd nie iets nuuts of 'n verbygaande mode nie. Dit is 'n heropname van die roeping van die kerk soos ons dit in die Bybel kry en 'n noodsaaklike korreksie op die na-binne gerigtheid wat in baie gemeentes en selfs denominasies ontstaan het.

Die groot sendingbewegings van die vorige twee eeue het tot 'n groot mate langs die hoofstroom kerke plaasgevind. In die hoogbloei van die Christendom era het sending meestal vanuit die Westerse kerke op ander kontinente en onder ander rasse plaasgevind het. In die post-Christendom era en die gepaardgaande sekularisasie ontstaan daar egter al hoe meer plaaslike sendingvelde: gesekulariseerde post-Christene, armoede, maatskaplike probleme, gebrekkige onderwys en gesondheidsdienste is op die voorstoep van gemeentes.

Wat ons nodig het, is 'n toeganklike en omvattende teologie wat ons help en inspireer om ons roeping, hier en nou, te verstaan en op te neem.

Van die begin is 'n keuse gemaak vir 'n trinitariese missionale teologie. Dit is 'n omvattende benadering wat die teologie van missio Dei insluit.

Inleidend: TRINITEITSTEOLOGIE (Andries Kritzinger van ATLAS)

'n Christelike Godsleer, staan en val, na die opstanding van Jesus, by die vraag wie hierdie Man is en was. Die oorsprong van die Triniteitsleer is te soek in die teologiese ontwikkeling van die antwoord op hierdie vraag. Die Bybel ken nog nie 'n uitgewerkte triniteitsleer nie, maar die verskillende rudimentêre materiaal van uiteenlopende Christologiese antwoorde is hier reeds aanwesig. So ook enkele triadiese (drieheid) formules wat onder andere uit doopppraktyke en ander voorskriftelike belydenisse spruit. Een of ander tyd sou die soek na 'n dieper verstaan uitloop op die formulering en belydenisvorming van die onderlinge verhouding tussen die God van Jesus, Jesus van Nasaret wat gekruisig is en opgestaan het, en die Gees van die Vader en die Seun wat in die skepping en op besondere wyse in die gemeente as geloofsgemeenskap woon.

Sedert die konsilie van Nicea en bevestig en geformuleer by die konsilie van Konstantinopel (381 nC) sou dit die amptelike dogma van die kerk wees: die belydenis dat God een wese in drie persone is. Vir baie eeue sou hierdie belydenis gehandhaaf word, sonder om die teologiese implikasies daarvan toereikend en begripsmatig uit te werk.

Van Ruler maak êrens die opmerking dat 'n volledige trinitariese teologie nog nêrens die lig gesien het nie, maar dat Calvyn – na sy oordeel - die naaste daaraan gekom het[1]. In hierdie tradisie word 'n trinitariese godsbeskouing as konkrete monoteïsme bely en verdedig. Vir baie lank sou 'n trinitariese belydenis 'teoreties' gehandhaaf word sonder om die "praktiese" reikwydte daarvan vir die kerk en teologie te verreken. Hierdie toedrag van sake sou drasties verander met die aanvang van die sogenaamde triniteitsteologiese renaissance sedert die helfte van die vorige eeu.

[1] Redes hiervoor is waarskynlik sy affiniteit vir die Grieks- Ortodokse benadering en sy klem op die Pneumatologie in trinitariese verband. Hierdie toedrag van sake, is naas ander redes, die wortel van die Gereformeerde hoogskatting van 'n trinitariese teologie.

'n Hele aantal redes lê ten grondslag van hierdie ontwikkeling waarvan net die belangrikstes hier aangemerk word. Die anti-metafisiese tendens in die filosofie en die teologie wat daarop neerkom dat die ou, statiese substans-ontologie vervang is deur 'n histories-relasionele ontologie wat klem lê op die gebeurlikheidskarakter ("Ereignis") van die werklikheid. Relasies is altyd muterend en veranderlik, iets wat nie verreken kan word in 'n statiese substans-ontologie nie.

Hand aan hand hiermee gaan die herwaardering van die kategorie van die historiese en die aanmerk van die tydsbepaaldheid van alle dinge. Die ontwaking van 'n teologie wat as denke vanuit die heil beskryf kan word, met klem op die historiese tradisies, die vaders en 'n nuwe erns maak met die teks van die Skrif, het die oë geopen vir die dinamiese karakter van oorlewering.

Laastens het die ideologie-kritiese moontlikhede van die triniteitsleer (triniteitsleer as teologiese "Freiheitslehre" by Moltmann) die relevansie van 'n sosiale triniteitsleer vir die mensheid uitgespel. Die hernieude klem op die eskatologie vanuit 'n trinitariese pneumatologie het nie net betekenis vir die Godsleer nie, maar vir die hele werklikheid in al sy geledinge.

Op die vraag na die wesenskern van die christelike godsverstaan, antwoord Ebeling met twee woorde : kruis en Triniteit. Dit hou in dat die kruis as historiese gebeure openbaringsbetekenis het. Die drie-enige God openbaar Homself, Sy eie wese in die kruis as 'n unieke en onherhaalbare gebeure. Dit het verder dié verreikende betekenis dat geskiedenis betekenis het vir die syn van God self. Daarmee word die nominalistiese teologie wat oor God sonder die wêreld probeer dink het (en wat uiteindelik sou omslaan in die denke van die wêreld sonder God), radikaal weerspreek. God is bedag op ons menslikheid en as die bron van die liefde, trek Hy mense in by die ewige gemeenskap van die liefde, wat Hyself is.

Geloof is hiervolgens nie net 'n kenteoretiese aangeleentheid nie, maar lewend in die gemeenskap met God Self, 'n eskato-ontologiese werklikheid. Dit geld as "verplasing" uit die hooploos-verouderde bestaan na die lewe in die Gees saam met Christus, ingelyf en verbonde aan Hom, in gemeenskap met die Vader, Seun en Heilige Gees op 'n wyse wat as aanvang en voortgang van die herskepping aangedui kan word. Dit verdien om *soteria,* redding, heil genoem te word.

Omdat dit alle tye omspan en die totaliteit van menswees grondliggend raak, móét dit meer wees as blote intellektuele en rasionele aktiwiteit. Die volheid van die heil dring mense in die greep van die gemeenskap met hierdie God tot viering van die lewe in etiese, liturgiese en praktiese sin. Dat God ons lewe met ons deel deur die inwoning van die Gees van die Vader en die Seun, beteken gelykoorspronklik dat God ons Sy lewe met Hom laat deel, maar op menslike wyse. Hoe "inniger" hierdie gemeenskap tussen God en mens, hoe duideliker word die onderskeid tussen God en mens. In hierdie sin is die *theopoiesis* resp. *theosis* nie die uiteinde van alles nie, maar die regverdiging en lewensheiliging van menslike mense. Die eer van God is 'n lewende mens (Irenaeus).

AGT MOMENTE VAN 'N TRINITARIESE TEOLOGIE

Die missionale taakspan het die volgende 8 momente geïdentifiseer wat as teologiese fundering vir 'n gestuurde kerk kan dien. Dit lyk soos volg:

i. God roep ons om in diep gemeenskap met God self te leef. (Verbondenheid met Christus, Christus-gelykvormigheid).

Jesus is die openbaring van God self deur wie ons God ken. Jesus gee die opdrag dat sy volgelinge in Hom moet bly en Hy in ons, en dat dit die manier is waarop ons ook aan die Vader verbind bly en baie vrug dra: Johannes 15 *[5]Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*

Deur die doop word elke dopeling met Christus verenig. So word elke gelowige vrygemaak van die mag van sonde. Om saam met Christus gekruisig te word beteken dat ons "sondige bestaan beëindig is" (Rom 6:6) en dat óns nie meer lewe nie maar dat Christus in ons lewe (Gal 2:20). Elke gemeente is verder die liggaam van Christus wat uit Hom as die Hoof groei en ook na Hom toe groei.

Hierdie diep verbondenheid met God vorm die fondament van ons gestuurdheid. As gestuurde mense sluit ons aan by dit wat God reeds besig is om te doen. Missionaliteit wat nie gedra word deur die verbondenheid met die drie-enige God nie, word uiteindelik maar net nog humanistiese projekte.

ii. God openbaar homself as die reddende God (Soteriologie, regverdigmaking).

Die groot verhaal van die Bybel is van God wat mense soek, roep, verlos, heilig en stuur. God se heilswerk kulmineer in die dood en opstanding van Jesus en die versoening tussen God en mens wat daar plaasvind. "Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!" (Ef 2:5) Elke lidmaat het die voorreg om op 'n baie persoonlike vlak hierdie redding te beleef en gepaardgaande vergifnis te ervaar. Deur die dood en opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus, kan ons nou in 'n herstelde verhouding met God leef.

Die boodskap van versoening is aan die gemeente toevertrou (2 Kor 5:18-19). Hierdie boodskap moet deur middel van evangelisasie op elke moontlike manier in ooreenstemming met koninkrykswaardes uitgedra word. Evangelisasie vereis spanwerk. Lidmate met die gawe van evangelisasie (Ef 4:11) moet die res toerus en lei om 'n antwoord te gee aan elkeen wat 'n verduideliking eis van die hoop wat in hulle lewe (2 Pet 3:15).

As kerkverband hou ons vas aan historiese tradisies van die vier *solas* wat die kern van ons verstaan van die verlossing vorm*: Sola scriptura* (net die Skrif, nie die tradisie wat langs of buite die Skrif ontwikkel het nie), *Solus Christus* (Christus is ons enigste Middelaar), *Sola gratia* (ons word slegs op grond van genade gered, nie geloof of enige ander vorm van goeie werk nie) *Sola fide* (die enigste basis van ons lidmaatskap van die kerk is ons geloof in Christus).

Die versoening van die individu met God moet ook tot uiting kom in herstelde verhoudings tussen individue. Soos wat ons vergeef is, moet ons ook vergewe. Ons is geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel (*Gestuur 12*) en om versoening tussen mense te bewerkstellig. Dit impliseer 'n doelgerigte fokus op sosiale geregtigheid en die bestryding van alles wat skeiding bring tussen mense (rassisme, "colourism", seksisme, klassisme ens.)

iii. **Perigorese (Die Drie-eenheid staan in verhouding met mekaar)**

Perigorese beskryf die ewige, liefdevolle onderlinge gemeenskap in Drie-Eenheid. Ons verstaan die Drie-eenheid nie as 'n statiese begrip nie. Ons leer die Drie-eenheid ken in die interaksie, die verhouding tussen die Vader, Seun en Gees. Die Vader, Seun en Gees leef in 'n perfekte verhouding met mekaar. Die kerk ontstaan wanneer hierdie verhouding na buite gerig word in die missio Dei. *Die diep intieme verhouding tussen die persone van die Drie-enige God help ons om iets van ons verhoudings met ander mense te verstaan – veral ons verhouding met mekaar as lede van God se familie*.
Hierdie eenheid is die paradigma vir die eenheid van die kerk: die kerk lewe uit en in die Triniteit, en vertoon daarom ook die beeld van die Drie-eenheid (*imago Trinitatis*). Dit

beteken dat die kerk 'n gemeenskap is in navolging van die innige en selfopofferende gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk is gemeenskap, nie ter wille van gemeenskap nie, maar ter wille van deelname aan God se sending. Hierdie gemeenskaplikheid is deel van die kerk se DNS en liefdevolle verhoudings vorm die basis van die uitreik van die kerk. Die eenheid is ook die voorwaarde vir die geloofwaardige getuienis oor Christus: die wêreld sal glo dat Jesus deur die Vader gestuur is as daar eenheid tussen die gelowiges is (Joh 17).

iv. God stuur die Seun en Gees na die wêreld (Missio Dei).

Die Bybel vertel vir ons die groot verhaal van God wat na die wêreld beweeg en in die wêreld werksaam is. *Missio Dei beskryf die aard van God - dat God 'n sturende God is.* Dat Hy in sy selfopofferende liefde sy Seun na die wêreld stuur om sy heilsplan bekend maak en in werking te stel. Toe die Seun se werk voltooi was, het die Vader en die Seun, die Gees na die wêreld gestuur om sy werk te bevestig en voort te sit. Van ewigheid af is die drie-enige God 'n heilige gemeenskap wat na buite gerig is.

As gestuurdes beteken dit dat ons God self volg na die wêreld waarvoor God lief is en waar Hy teenwoordig en aan die werk is. *Ons word geroep om deel te wees van God se lewegewende beweging na die wêreld.* As deel van hierdie "na buite gerig wees", roep die Vader, Seun en die Gees die kerk om deel te word van God se beweging na sy wêreld en die vestiging van sy Koninkryk. Soos gestuurdheid 'n wesens-kenmerk van die Drie-Eenheid is, moet gestuurdheid ook 'n wesenskenmerk van die kerk wees. Ons leef en beweeg in die liefde van die Drie-enige God. Sending is ons reaksie op die liefde van God wat ons aanspoor om liefde in die skepping te leef deur versoenend te leef. Die gemeenskap met God (koinonia) maak ons harte oop vir gemeenskap met mekaar sodat ons God se liefde kan deel.

v. Kenosis (Die Drie-eenheid ontledig) (Fil 2:6-11)

Kenosis is die Griekse term wat in die Bybel gebruik word om Jesus se selfprysgawe te beskryf (Fil. 2:5-11). Selfprysgawe is die teenoorgestelde van selfhandhawing en selfvervulling. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun, en gee daardeur sy Seun prys te wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en géé sy lewe prys om só versoening en heling te bring. Die Gees kommunikeer die opoffering van die Vader en die Seun. Sonder opoffering was daar geen sending of verlossing nie.
As dissipels volg ons Christus op 'n pad van selfprysgawe. Die kerk, as liggaam van Christus, word ook geroep om haarself op te offer ter wille van die koninkryk. 'n Gestuurde kerk neem deel aan die lewe en karakter van Christus. Deur die krag van die Heilige Gees bewerk God 'n diep innerlike transformasie in die lewe van die gelowige wat onder andere lei tot selfontleding en die afstanddoening van mag.

vi. Die deurbreek van die Koninkryk (Die Drie-eenheid regeer)

Christus is die Koning van die wêreld. Dit was die sentrale geloofsbelydenis van die kerk sedert die vroegste tye: Jesus is die Heer! *(Fil 2)* en sluit aan by Jesus se aankondiging van die Goeie Nuus: "Die koninkryk van God het naby gekom."(Markus 1:15) Die missio Dei is

gefokus op die vestiging van die koninkryk van God. Die koninkryk van God is groter as die kerk en is reeds sigbaar op aarde, maar sal volledig kom en volmaak word by die wederkoms van Christus. Die koninkryk is sigbaar waar mense Christus se koningskap erken; waar die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is; en waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld. *As kerk word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om tekens op te rig van die koninkryk, 'n voorsmaak van die koninkryk te wees en ook 'n instrument in die vestiging van die koninkryk te wees*. 'n Gestuurde kerk se fokus is nooit op haarself nie, maar altyd op die koninkryk.

vii. Inkarnasie (**Die Drie-eenheid kom woon by ons)**

Inkarnasie het te doen met Jesus se menswording. Deur die inkarnasie wys God vir die wêreld hoe lyk dit as sy liefde hande en voete kry. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. *Inkarnasie beteken dat die kerk by en met mense sal wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al mag wees*. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie.
As gestuurde kerk is ons gevorm na die beeld van Christus en vergestalt ons die evangelie in woord en daad in die gemeenskappe waarin God ons plaas en waarheen God ons stuur. God se liefde en gestuurdheid bly nie abstrakte bewegings nie, maar word beliggaam in die inkarnasie van Christus (Joh. 1).

viii. In die krag van die Heilige Gees (Pneumatologie)

'n Gestuurde kerk en gestuurde mense leef met die werklikheid en in die krag van die Heilige Gees. Die Gees maak die werk van Christus en God self 'n lewende werklikheid in ons en ons ken Christus en die Vader deur die Woord en Gees.

Die Gees is God se gawe aan die kerk en ook die Gewer van God se gawes: Deur die Gees word die werk van Christus 'n lewende, transformerende werklikheid in ons eie lewens. Die Gees bring nuwe lewe in daaglikse leefwêreld van die individu in. Die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom 8:16). Ons dra die vrug van die Gees: Liefde, vreugde, vrede ... (Gal 5:22). Die Gees bring lewe. (Rom 6:6) Die Gees maak Jesus se belofte waar: "... Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê – en dit in oorvloed." (Joh 10:10)[i]

Aan die einde van sy aardse bediening gee Jesus aan sy dissipels die belofte: "*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees ...* " Op Pinksterdag word die Gees oor die dissipels uitgestort – en so kom die eerste gemeente tot stand. *Die Gees gee gawes vir lidmate om mekaar te dien en op te bou en toe te rus vir dienswerk (Rom 12, Ef 4). Die Gees bemagtig elke gemeente om kragtig te getuig van God se lewegewende beweging na die wêreld. Sonder die Gees word ons gestuurdheid bloot menslike pogings.*

Die Gees bring nuwe lewe in 'n kerk waar rigiede strukture die oorhand begin kry het en die klem op oorlewing en instandhouding begin val het. Wanneer die kerk haarself onder die beheer van die Gees plaas, beweeg die Gees op verrassende wyses en bring vernuwing in ou, krakende, dooie strukture.

Die mikpunt van God se lewegewende beweging na die wêreld is florerende mense in 'n florerende omgewing[ii]. Gedring deur die Gees wat die vrug van liefde, vreugde en vrede in ons na vore laat kom, beweeg ons in gemeenskappe in waar die kragte van selfsug, magsug

en hebsug die oorhand het. Daar bring die Gees deur ons nuwe lewe. Mense wat 'n doodsbestaan gevoer het, begin floreer.

---

[i] *Life in the Holy Spirit is the essence of mission, the core of why we do what we do and how we live our lives. Spirituality gives the deepest meaning to our lives and motivates our actions. It is a sacred gift from the Creator, the energy for affirming and caring for life. This mission spirituality has a dynamic of transformation which, through the spiritual commitment of people, is capable of transforming the world in God's grace.* WCC Together towards life

[ii] Miroslav Volf skryf in sy nuwe boek, *Flourishing* die volgende: *Flourishing … stands for the life that is lived well, the life that goes well, and the life that feels good – all three together, inextricably intertwined. I use the term interchangeably with "the good life" and "life worth living."*